Nooit te laat

Die prokureur Al'astair het nóú sy kleintyddroom bewaarheid, sê Christiaan J de Swardt

Hy is skrikkerig vir die donker, trek dikwels sy trui verkeerdom aan, het al onpaarskoene werk toe gedra en self op 'n keer kliënte kaalvoet in sy prokureurspraktyk te woord gestaan.

Toe hy al 40 was, het sy ma wat intussen oorlede is hom steeds as haar babaseuntjie aan mense voorgestel.

Dalk had sy reg, want nou, op 61, is die singende Kaapse prokureur Al'astair musiekmondig – met die uitreiking van sy skitteralbum *Blou trane*.

Vir Alastair Morrison van Huyssteen, wat op De Aar gebore en op Worcester getoë is en nou in Bellville bly, is omtrent alles bewaarheid. "Ek het kleintyd verskeie drome gehad. Een daarvan was om 'n sanger te word. 'n Ander het met antieke voertuie te make gehad en om 'n vlieënier te word. My drome is bewaarheid, behalwe die vlieënierdeel. Dis 'n goeie ding, want ek sou dalk vergeet het om die wiele uit te laat as ek land," skerts hy.

Sy vrou, hul vier kinders, twee kleinkinders, drie honde, vriende, alle vorms van musiek, antieke voertuie, filosofie, omgewingsaangeleenthede en om soveel as moontlik onsin te praat, is dié voormalige kranige halfmarathondeelnemer se lewensgenietinge.

En vakansies op Langebaan. "My buurman, Angelo Passerini, is 'n Italianer wat net soos Pavarotti lyk en net so mooi sing. 'n Hele klomp van my beste vriende hou ook daar vakansie. Ons lag baie. Ons probeer ook soms visvang en om kreef by Dasseneiland uit te haal. Vroeër het ek ook seilplank gery."

Al'astair onthou sy kinderdae as hipergelukkig, met nimmereindigende vakansies op Vleesbaai.

"Ek was die jongste kind en ons was almal sielsgenote. Ek en my broer is saam skool toe en het soos 'n tweeling grootgeword. My suster is die oudste.

"My pa was 'n saggeaarde en stillerige gentleman. My ma was uitgaande en het onder meer drama op universiteit studeer. Sy het 'n operette, *Kom dans Klaradyn*, geskryf, wat in 1956 met die De Aar-skoolkinders opgevoer en dwarsdeur Suid-Afrika op toer geneem is. Ek, my boetie en sussie was ook deel van die De Aar-*cast* van 80 kinders. Op De Aar moes my ma egter die naam na *Kom speel Klaradyn* verander omdat die onderwysowerhede en kerk dans mos as sonde beskou het.

"Dalk sou 'n 'gespeel' met Klaradyn egter groter sonde gewees het ..."

Al'astair en sy vrou, Janita, is al 38 jaar getroud. Sy het 'n honneursgraad in sielkunde, maar is nou al sowat 12 jaar reeds sy finansiële bestuurder. Hy sê

Janita, wat ook musikaal is en mooi skilder, is eintlik ook sy persoonlike sielkundige terapeut. Hulle het vier kinders: Marelize ('n spraakterapeut), Wynand ('n tegniese bemarkingskonsultant), Hesti-Mari ('n mediese dokter) en Christiaan-Botha ('n 20-jarige regstudent aan die Universiteit van Stellenbosch). Hulle is almal musikaal.

Dan is daar die hondekinders. "Daar is 'n enorme Ierse herdershond, Trueluv. Hy is die opvolger van Fanie, wat die spilpunt was van die titelsong op my eerste album.

"Dis die grootste honde in die wêreld en hulle het ongelooflike geaardhede. Dan het ons twee Jack Russells, Luvbite en Litchie. Ek en Litchie het 'n liefde-haat-verhouding, maar dis oorwegend liefde. Ek vermoed hulle is ook musikaal, maar hulle bespeel nie instrumente, sover ek weet, nie ..."

Al'astair beskou homself as 'n bietjie-bietjie-amper-musikant. "Ek speel klavier, kitaar en mondfluitjie, maar is geen maestro nie. Ek dink my liedjieskryfvernuf is dalk my sterkste punt en met goeie toerusting klink my stem nie sleg nie. Ek glo ek kan wel die innerlike emosie van 'n song loslaat en oordra.

"Ek het klavier op skool geneem, maar my onderwyser het gereeld vir my gebid omdat ek nie geoefen het nie. Ek het toe maar opgehou, 'n aantal jazzklavierlesse geneem en geleer om kitaar te speel.

"Ek weet nie juis veel van musiekteorie nie. Ek kan middel-C herken en kan darem sien waar die note op- en afgaan en waar 'n B-mol of C-*sharp* of 'n *seventh* ingegooi word. Ek verstaan darem ook die woorde allegro en crescendo en ander soortgelyke notas in klassieke musiek. En ja, ek sing al sedert kleintyd – in die stort."

Later ook in die skoolkoor en selfs op universiteit in die koshuiskoor. Dit was egter eers in 1995, toe hy reeds 'n gevestigde prokureur was, dat hy tydens sy aktiewe betrokkendheid by die omgewingstryd teen 'n staalfabriek by Saldanha, een nag met sy kitaar gesit en heel spontaan is 'n omgewingslied, later verkort tot Lied van Saldanha, gebore.

Op versoek van die "groenes" het hy die liedjie by byeenkomste gesing en die liedjie het die veldtoglied geword. Dis later opgeneem en uitgedeel om die omgewingskwessie te bevorder. Hy is aangemoedig om nog liedjies te skryf en

Ek het kleintyd verskeie drome gehad. Een daarvan was om 'n sanger te word

heel toevallig – eintlik eerder 'n bestiering – het sy paadjie met die musikant en opnameregisseur Andrew Roos gekruis en die album *My hond Fanie* het gebeur.

Gou-gou is Al'astair as 'n Suid-Afrikaanse rocklegende op SA Rock Digest op die internet gelys, spesifiek rondom die lied Hell's Angel, wat gaan oor 'n vreemde ou op 'n Vespa: *"My snor is gedrop soos 'n Mosselbaai rob ... ring op my knuckle, my kop is gebuckle ... ek's 'n 2-stroke ducktail, ek's 'n 2-stroke ducktail ..."*

Hy peins 'n oomblik. "Dalk 'n selfpotret, toe? Nou is ek 'n gryskop, met langerige krulhare, nie te maer nie, nie te vet nie en met 'n *zest for life* ... Ek het wel vroeër jare 'n *scooter* gehad en gery, maar nooit 'n rybewys daarvoor bekom nie.

"Ek glo dat die fisieke en rasionele net 'n fraksie van die geheel is. Eintlik is al wat ek regtig weet dat ek nie veel weet nie. Ek hou van almal. Ek glo daar is 'n *nice* kant aan alle mense. Iemand het eendag vir my gesê as jy nie van iemand hou nie, moet jy hom net beter leer ken. Ek glo dit is waar. Die goed wat 'n mens afsit of irriteer in ander mense is gewoonlik maskers wat gedra word om een of ander moeilike ervaring, situasie, *hang-up* of vrees te verberg. As jy agter die masker kan kom, is die meeste mense inherent *likeable*. Ek het nog geen uitsonderings hierop teëgekom nie," benadruk hy.

Al'astair het aanhou skryf en in 2010 was alles daar. Presies soos sy musiekvriende hom noem: Allesdaar. Vonk-Musiek het die album *Blou trane* – met die treffers Lank lank gelede, As jy staan op die maan en Bakke vol liefde – uitgereik en dit word op elke Afrikaanse radiostasie gespeel.

Hy bied musiekliefhebbers Afrikaanse folk met 'n spatsel soul. "Dalk is die naam van my Facebookblad Al'astair: Afrikaanse Rock 'n Tjank 'n goeie beskrywing. Dit was 'n spontane, meestal onbeplande en genotvolle paadjie tot hier. Ek het waarskynlik geslaag om songs te skryf omdat ek nie die musiekreëls ken nie en in onkunde instinktief te werk gegaan het. My songs is hipereenvoudig."

Feit is egter, dié koffieverslaafde, weet hoe om prentjies met woorde te skilder. Eintlik sou hy graag 'n kopieskrywer in 'n bemarkingspan, joernalis of 'n sielkundige wou wees. "Dit is uiters bevredigend om te probeer om iemand te help wat intense bekommernis het en te sien hoe die persoon ontspan en letterlik jonger raak. Ek het per toeval 'n prokureur geword en, weens 'n spontane passie, toe ook 'n liedjieskrywer en deeltydse sanger. Ek geniet egter ook my 'dagwerk' en om kliënte te help – dis ook regtig 'n voorreg."

Dit het gelei tot sy boek *The Giant Puzzle – Finding and Fitting the Pieces in Relationship Turmoil.* Dit het betrekking op die emosionele aspekte van persoonlike verhoudingskrisisse, waarvan hy oor die jare baie by sy kliënte geleer het.

"Ek verpes snobisme, pretensie, hondegeblaf tydens 'n Sondagmiddagslapie, vergeetagtigheid (van sleutels verplaas tot waar ek my motor in 'n groot inkopiesentrum geparkeer het), wanneer ek stort en met die warm en koue kraan deurmekaar raak, om wakker gemaak te word voordat ek wakker wil wees. Ek vind dit moeilik om sonder druk te fokus. Ek raak soms te vinnig meegevoer en ek wens ek kon, soos ander mense, ook in die nag slaap."

Hy sê hy is nie 'n natuurlike beplanner nie; meer soos 'n boer op 'n Karooplaas wat vir reën wag. Wanneer dit gaan kom, weet hy nie, want ná 'n groot nekoperasie onlangs sukkel hy met 'n halfverlamde linkerhand. "Ek hoop om vorentoe weer kitaar te kan speel, want dit is soos die songs in die verlede gebeur het."

Al'astair se motto is bloot: *"A man's got to do what a man's got to do."* Hy glo ook logika is 'n intellektuele dwelm. "Ek dink ek het dit self uitgedink, maar dit is dalk moontlik dat ek dit op 'n *bumper sticker* gesien, dit later vergeet het en nou dink dat ek dit self uitgedink het ... Ek weet wel wat John Lennon gesê het in sy liedjie Imagine – en dit is my wens vir almal."

Loer gerus na www.rockntjank.co.za, stuur 'n e-pos na alastair@rockntjank.co.za of loer na Al'astair: Afrikaanse Rock 'n Tjank op Facebook